

bib

79/90

590/89

N v H

DESMOND JACKSON en DIE STAAT

SMALBERGER, AR -

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

DESMOND JACKSON

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

SMALBERGER, STEYN, ARR,

et FRIEDMAN, Wn AR

VERHOORDATUM:

21 AUGUSTUS 1990

LEWERINGSDATUM:

28 AUGUSTUS 1990

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR :-

Die appellant is in die landdroshof, Wynberg, skuldig bevind aan twee aanklagtes van handeldryf in dagga in oortreding van artikel 2(a) van Wet 41 van 1971. Daar is bevind dat die appellant op

16 en 20 Mei 1988 twee en vyf dagga "pille" onderskeidelik aan h lokvink verkoop het. Die twee aanklagtes is saamgevat vir die doeleindes van vonnis, en die appellant is tot 36 maande gevangenisstraf gevonniss waarvan 12 maande gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is.

Die appellant het teen sy skuldigbevindings na die Kaapse Provinsiale Afdeling geappelleer. Sy appèl op die tweede aanklagte (wat betrekking gehad het op die verkoop van vyf dagga pille op 20 Mei 1988) het geslaag. Na aanleiding daarvan is betoog aangehoor ten opsigte van vonnis ofskoon die appellant nie aanvanklik appèl teen sy vonnis aangeteken het nie. Die Hof a quo het egter die appellant se vonnis onveranderd gelaat. Met verloop van hierdie Hof kom die appellant nou in hoër beroep alleenlik teen sy vonnis.

Die uitwerking van die Hof a quo se uitspraak is dat die appellant dieselfde vonnis opgelê is vir een oortreding van handeldryf in dagga waarby twee dagga pille betrokke is as wat hy aanvanklik opgelê is vir twee sodanige oortredings waarby sewe dagga pille ter sprake was. Dit behoef geen betoog nie dat by vonnisoplegging in sake soos die onderhawige die aantal oortredings gepleeg en die hoeveelheid dagga betrokke wesenlike faktore is by die bepaling van 'n gepaste vonnis. Redelikerwys kan in die algemeen verwag word dat een oortreding ligter gestraf sal word as twee.

Dit blyk duidelik uit die verhoorlanddros se uitspraak dat hy by vonnisoplegging die tweede oortreding as uiters strafverswarend beskou het. In dié verband het die verhoorlanddros hom soos volg uitgelaat:

"Die feit is dat u op die 16de gevang is en natuurlik uitgelaat was op borg, en net daarna weer gevang word vir dieselfde ding. Dis ook iets wat die Hof in aanmerking moet neem en wat die Hof as uiters strafverswarend beskou. Dit is duidelik dat jou arrestasie vir die eerste saak jou nie eintlik veel bekommernis was nie, jy het jou nie gesteur daaraan nie. Jy het jou absoluut afgegee daaraan. Jy het hierdie wet absoluut geminag en maar weer gaan verkoop."

Die afleiding is onvermydelik dat die verhoorlanddros die appellant, indien hy hom net op die eerste aanklagte skuldig bevind het, n ligter vonnis sou opgelê het.

In sy uitspraak het die Hof a quo nie na die verhoorlanddros se houding verwys nie, en is daar klaarblyklik nie daarop ag geslaan nie. Die Hof het ook nie by vonnisbepaling voldoende gewig verleen aan die feit dat die appellant uiteindelik net op een aanklagte van handeldryf waarby twee dagga pille betrokke was, skuldig bevind is nie. In dié opsigte

het die Hof a quo, soos ook tereg deur die respondent se advokaat toegegee, misgetas. Dit staan gevolglik hierdie Hof vry om opnuut oor vonnis te besin.

Die appellant het n redelike gedugte misdaadsrekord, maar hy is nog net eenmaal vantevore aan n oortreding van Wet 41 van 1971 skuldig bevind. Dit was in 1982 toe hy as n jeugdige 7 houe opgelê is vir handeldryf in tablette bevattende metakaloon. By oorweging van die appellant se relevante vorige veroordeling, die omstandighede van die misdaad en die geykte beginsels wat by vonnisoplegging geld, is ek van mening dat n gepaste vonnis een sou wees van 18 maande gevangenisstraf waarvan die helfte voorwaardelik opgeskort is.

Die appèl slaag. Die appellant se vonnis word ter syde gestel en word met die volgende vonnis vervang:

